PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR: 5 van 2024

AAN : **ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE**

EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

OPVOLGBEPLANNING: PENSIOENFONDSBESTUURDER

Ds Rehan Rheeder sal DV, met ingang van 1 Januarie 2025, die pos van die Pensioenfondsbestuurder oorneem. Mnr Theo Smith tree af einde Desember 2024.

Met ingang van 1 Julie hierdie jaar, sal Ds Rheeder in opleiding wees en ‘n tipe “internskap” ondergaan om sodoende ten volle op hoogte te kom van die fonds se struktuur, voordele en operasionele werking. Mnr Smith en ‘n span diensverskaffers en medewerkers sal hom hierin bystaan.

Ds Rheeder was voorheen predikant by NG Villiera en is tans die Saakgelastigde van Noordelike Sinode. Hy woon vir ‘n geruime tyd die Bestuurskomiteevergaderings by as waarnemer en sal vanaf 1 Julie 2024, alle operasionele- en verwante vergaderings bywoon. Hy sal ook ingesluit word in alle toekomstige e pos kommunikasie en skrywes.

Ds Rheeder het ‘n unieke aanleg vir die pos: hy het ‘n simpatieke oor en toon ‘n medemenslikheid en begrip vir finansies en die probleme wat die Kerk ervaar in hierdie moeilike tye. Die Bestuurskomitee ondersteun hom ten volle – so ook die diensverskaffers – en vertrou dat u hom welkom sal laat voel en ook die nodige ondersteuning sal bied.

Binnekort sal u hom in “lewende lywe” ontmoet. Ons beplan aftreesessies einde Julie en ook inligtingsessies oor die twee-pot stelsel gedurende Augustus hierdie jaar. Hy sal bywoon waar hy dit kan inpas. Ek stuur eersdaags ‘n verdere omsendskrywe hieroor uit.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENBESTUURDER